

21 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 23:1-24:10 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 24:6,10**

Skape, gaste en inwoners by die Here

In Psalm 23 beskryf Dawid in 'n opklimmende lyn die verhouding wat God met die gelowige het. Die Here is soos 'n herder wat sy skape versorg in alle moontlik lewensomstandighede. Hy versorg na liggaamlike (weivelde, rusplekke, waters) én na geestelike behoeftes (verkwik die siel, spore van geregtigheid, doodskaduwees en onheil).

Dan besef Dawid egter dat die gelowige by die Here meer is as net 'n blote skaap in sy kudde. Die gelowige is soos 'n gas wat hartlik aan die feestafel van die Here mag aansit (23:5). Uiteindelik blyk dit dat die Here se goedheid en trou so oorweldigend is dat die gelowige selfs nóg nader aan die Here mag wees: hy mag soos 'n inwoner in die huis van die Here versorg word (23:6). Hy is soos 'n kind wat by sy pa woon. Só vol liefde versorg ons Herder ons. Begryp jy: van 'n skaap daar in die veld tot 'n gas wat vriendelik aan tafel ontvang word tot 'n inwoner in die huis van die Here! Van buite na binne tot in die binneste teenwoordigheid van God!

Psalm 24:3 vra: Wie mag ingaan binne in die teenwoordigheid van die HERE? Die antwoord is: Alleen dié wat sy lewe geheel en al (hart, hande en verstand) aan die HERE oorgee (vers 4). Alleen hulle wat in hul sondebeseft na die HERE soek (vers 6).

Maar wie is die Here wat ons Herder is, na wie ons wil ingaan en wat by ons wil inkom? Die antwoord is:- Die Een aan wie alles behoort (24:1,2). "Die HERE van die leërskaar" (24:10). Die Herder wat Sy lewe afgelê het vir sy skape. Die Een wat my duurgekoop het met sy bloed. Hy wat my uitnooi na sy Nagmaalstafel. Die Een wat in die Vaderhuis 'n woonplek vir my voorberei. Die Een wat met sy Gees in my hart 'n woonplek vir Hom gemaak het sodat ek die Naam van die Drie-enige God kan bely. Hy is die Erekoning! Soek ú na sy teenwoordigheid?

Sing: Psalm 119:62,63

Ds AH Stavast (Mosselbaai)